

# *Jong teler streef na perfeksie*

*'n Jong Braunviehteler vir wie sy beesboerdery aanvanklik 'net 'n stokperdjie' was, het stof in ander telers se oë geskop deur die eerste teler te word wat die prestasietoets-klas op die Pretoria-skou twee jaar agtereenvolgens wen.*

Balans en 'n kombinasie van prestasiedata (syfers) en voorkoms is die geheim van Christopher Havenga van Christopher Braunvieh op Kloofsig, Petrusville, se sukses met sy stoetkudde. Die sukses wat hy daarmee behaal, bewys dat sy resep werk.

Hy het in 1987 sy stoetery met ses koeie en 'n bul begin. Die keuse van 'n ras was vir hom maklik omdat Braunviehkoeie genoeg melk het vir sy werkers se gebruik en om 'n kalf in die harde omgewing groot te maak sodat hy 'n swaar speenkalf kan bemark. Aanpassing was geen probleem nie. Die diere het ook 'n uitstekende temperament, wat beteken dat hy as 'n skaapboer maklik met hulle in 'n skaapkraal kon werk.

Christopher, wat ook voorsitter van die Braunvieh-telersgenootskap is, sê hy selekteer vir die beste. Hy verkoop eerder minder diere van uitstaande gehalte as baie diere wat swakker is. Totdat hy met prestasietoetsing begin het, was sy enigste manier van seleksie 'n balans tussen groei en voorkoms.

Baie melk is 'n kenmerk van die Braunvieh. Om hierdie rede is dit maklik om 'n kombinasie van melk, vleis en groei te kry.

Hy het goeie bulle, soos sy eie gouemeriete-bulle, selektief begin gebruik om die gewenste eienskappe te kry. Uit dié bulle is vir syfers en voorkoms geselekteer. Uit navorsing wat hy gedoen het, het hy gevind kommersiële boere stel veral belang in data en die bouvorm van bulle (goed bespierde dubbeldoeldiere). Net die beste jong bulle wat op die ouderdom van sewe maande meer as 270 kg weeg, word vir fase C-prestasietoetse ingeskryf.

Dit is belangrik om 'n mediumraambul te teel, met ander woorde 'n bul wat nie te groot of te klein is nie. Sy doelwit is ook om aanpasbare, geharde en vrugbare bulle met 'n sterk konstitusie te teel. Die ras word gekenmerk deur donker pigmentasie van die kloue en oë. Daarom teel hy bulle met goeie verdonkering – 'n eienskap wat help dat die diere sonder probleme in die Karoo aanpas. Hy doen in die algemeen selektiewe paring om eienskappe te verbeter.

Christopher het 'n koeikudde van sowat 70 stoetdiere. Hy gebruik heelwat ingevoerde saad uit Amerika, Brasilië en Switserland asook saad van plaaslike bulle. Die eerste bul wat 'n groot impak op sy kudde gemaak het, was Sonneskyn Amanda Dufur. Hy het gevind ingevoerde bulle uit Amerika en Brasilië pas beter in sy toestande aan omdat hul raamgrootte kleiner is.

Sy eie bulle word selektief op die ouderdom van 18 maande by uitgesoekte koeie gebruik, maar die norm is om die bulle van die ouderdom van twee jaar af te gebruik totdat hul genetiese eienskappe in die kudde gevestig is. Die

meeste bulle word op tweejarige ouderdom verkoop, na gelang van die koper se behoefte.

Christopher weeg alle kalwers en hul moeders by geboorte sodat hy die kalf se gewig as 'n persentasie van dié van die ma kan bepaal. Op die ouderdom van sewe maande word elke kalf en sy of haar ma weer geweeg. Dan moet die bulkalwers meer as 50% van die ma se gewig weeg. Christopher se kalwers weeg gemiddeld 58% van hul moeders se gewig teenoor die rasgemiddeld van 52,4%.

Bulkalwers se speengewig wissel van 280 kg tot 340 kg en verse s'n van 230 kg tot 260 kg.

Sy koeie kalf op die veld. Eerstekalfverse word in 'n afsonderlike groep aangehou en kalf naby die huis sodat hy oor hulle kan toesig hou. Christopher speen kalwers op die ouderdom van sewe maande van die veld af. Hy weeg verse op die ouderdom van 12 maande. As hulle nie 320 kg weeg nie, word hulle afgegradeer tot die kommersiële kudde.

'n Kombinasie van funksionele doeltreffendheid en BLUP-waardes is vir hom 'n belangrike hulpmiddel in die seleksie van vervangingsverse.

Koeie kry individuele aandag, wat 'n goeie kalfpersentasie van 96,7 tot gevolg het. Die speenpersentasie is 98. 'n Koei wat oorslaan, kry nog een kans voordat sy uitgeskot word. Die stoetery se tussenkalfperiode van 409 dae is puik vergeleke met die rasgemiddeld van 454 dae.

Die beste koeie word selektief met verskillende bloedlyne kunsmatig geïnsemineer. Hy laat die res natuurlik dek. Die dektyd is van 1 November vir 70% van die koeie. Die res word in Mei gedek. Hy laat verse vir die eerste keer op die ouderdom van 18 maande tot 24 maande dek.

Christopher bemark sy speenkalwers plaaslik, maar omdat Braunviehkalwers so goed doen in voerkrale, beoog hy om sy diere self te begin afrond en só waarde toe te voeg. Hy gebruik getoetste bulle by die koeie, wat meebring dat ál sy diere van uitstaande gehalte is.

Hy doen ook kruisteling met Braunviehbulle by Bonsmara- en Ngunikoeie. Op die ouderdom van sewe maande is die gemiddelde gewig van die Nguni-kruisings 232 kg en dié van die Bonsmara-kruisings 245 kg.

Sy eie ervaring wys dat Braunviehbulle in kruisteling 'n gunstige impak op enige kommersiële beesras sal hê. Hy het gevind dat die eerste kruiskoeie baie meer melk, beter uiers en 'n beter bouvorm en konstitusie as die normale het. Hul speenkalwers is ook swaarder. Die kruiskalwers het goeie vleiseienskappe, groei vinnig en het 'n goeie voeromsettingsverhouding. Die ras se temperament maak ander beesrasse rustiger, verhoog die groeitempo en plaas meer geld op speenouderdom in die boer se sak.

Braunvieh- en Braunvieh-kruiskalwers bereik speengewig vir die speenkalfmark reeds op die ouderdom van vyf tot ses maande. Die geld is dus gouer in die boer se sak.

Christopher skryf sy sukses daaraan toe dat hy gelukkig is om 'n gebore stoetboer te wees. Dit kos baie tyd en aandag en 'n diepgewortelde belangstelling in die ras, sy teelmateriaal, geskiedenis en dit wat jy van hom verwag. Sukses in die stoetbedryf kom nie oornag nie; dit kos jare se toewyding. 'n Ware stoetboer ken elke dier se geskiedenis en potensiaal.

"Stoetteling is nie vir iemand wat vandag in is en môre uit nie. Dit is vir iemand met integriteit en totale toewyding wat nie na erkenning soek nie, maar hom toespits op perfeksie."



1



2

***1.*** *CDH Hecklu is 'n goeie voorbeeld van die aanpasbaarheid, gehardheid en vrugbaarheid, eienskappe van die bulle in die stoet.*

***2.*** *CDH Timotea, een van die uitstaande koeie in die Christopher-stoet.*

***Foto links bo:*** *Een van die uitstaande bulle wat aan die stoet se seleksie-eienskappe voldoen, is CDH Zakumi.*

# Zakumi onder die hamer

Christopher is baie streng op seleksie sodat diere by sy kudde inpas en die eienskappe van die ras bevorder. Christopher Zakumi is een van die stoetery se spogbulle – een van die tipiese bulle wat in die kudde gebruik word – wat op 24 Oktober op die nasionale veiling onder die hamer gaan kom. Hy is ’n mediumraam-bul met goeie definisie van spier en besonderse lengte en breedte. Hy is ’n silwer meriete-bul met ’n GDT van 1,9 kg en ’n voeromset van 5,8. Zakumi se ma het ’n kalfinterval van minder as 400 dae en sy is as ’n embrioskenker in die kudde gebruik.









*3. Christopher speen kalwers op die ouderdom van sewe maande van die veld af.*

*4. ’n Koei en haar kalf in Christopher se kudde.*

